**Buffalo Gorge “Trail running” reeks.**

Met die genoemde ‘trail run’ wat nie as amptelike wedloop geregistreer is op die ASA kalender nie, en onafhanklik aangebied word was daar in die verlede onduidelikheid oor deelname aan so ‘n wedloop.

Die Buffulo Gorge ‘trail run’ word as ‘n veld wedloop aangebied in eie hoedanigheid.

Geen prysgeld, medaljes, ens is ter sprake nie en neem deelnemers hieraan deel as individue en nie as lede van klubs nie.Daar was in die verlede kommunikasie versprei in die verband deur Atletiek Mpumalanga dat lede nie aan die wedloop mag deelneem nie, en indien hulle wel sou deelneem hulle as lede geskors kan word.

Met verdere navraag is vasgestel dat bogenoemde wel korrek is en wil ek die volgende verduidelik in terme van deelname om seker te maak dat die tegniese detail reg verstaan word:

- Wedlope soos die mag aangebied word
- Atlete mag deelneem in gewone drag
- Atlete mag nie met hul klubklere en lisensie nommers deelneem nie
- Indien ‘n atleet wel deelneem aan so ‘n wedloop met klubklere en provinsie lisensie nommer, moet ‘n provinsiale padhardloop beampte teenwoordig wees om so ‘n deelname aan ‘n wedloop te rapporteer per verslag aan die provinsiale liggaam. In so ‘n geval sal die betrokke atleet dan geskors kan word omdat daar deelname was aan ‘n wedloop wat nie geaffilieër is by die provinsie nie.

Sien **aangeheg** detail van kommunikasie ontvang van ASA kommittee lid met besonderhede. Ook aangeheg ‘n kort opsomming van sommige van die voordele van veld wedlope.Neem dus kennis hiervan en kom neem gerus deel aan ons maandelikse wedlope vir ‘n besondere ervaring. Hierdie dokument is ook op ons **webblad** beskikbaar.

‘n **Koerant berig** is hierby ingesluit wat ook meer hieroor sê.

Video: kliek hier

Web: kliek hier

Facebook: kliek hier